# Farr gee opleiding op Keimoes

**GEMSBOK-KEIMOES: Die "Foundation for alcohol related research", bekend as Farr, het onlangs twee werkswinkels op Keimoes aangebied.**

Laetitia Pool en Marietjie Mouton (Opleidingsfasiliteerders) het van Farr se hoofkantoor in Kaapstad gekom om die opleiding aan te bied.

Laetitia het die eerste FAStrap© Kursus op Keimoes aangebied as deel van FARR (die Foundation for Alcohol Related Research) se bewusmaking rondom FASA (Fetale Alkohol Spektrum Afwykings) en Marietjie het die eerste Think Twice werkswinkel aangebied.

Die FAStrap© Kursus is oor vier dae aangebied en op Vrydag, 11 Februarie 2022 het die 21 gemeenskapslede wat die kursus suksesvol voltooi het, elkeen 'n sertifikaat van erkenning ontvang.

Tydens die kursus het die kursusgangers deur middel van rollespel en baie pret geleer dat 'n goeie selfbeeld noodsaaklik is. 'n Goeie selfbeeld help ons om beter ouers te wees en om ons kinders te dissiplineer op 'n positiewe manier. Hulle het ook geleer dat die gebruik van alkohol gedurende swangerskap kan lei tot FASA, wat onder andere permanente breinskade behels. Die kursusgangers is toegerus met waardevolle inligting rondom wat FASA is, asook die hantering van kinders met FASA. Hulle kon ook met mekaar baie kreatiewe begrotingsidees deel, soos hoe om hulle inkomste aan te vul en hulle uitgawes beter te bestuur.




*Angela Van Wyk Marinus is die nuwe projekkoordineerder van Farr op Upington.*

Op Donderdag, 10 Februarie 2022, tydens die Think Twice werkswinkel het hulle, op 'n interaktiewe manier, gesels oor die gevare van alkoholmisbruik, asook hoe (en waar) gemeenskapslede in die area kan aanklop as hulle alkoholmisbruikprobleme het.

Keimoes is 'n uitbreiding van FARR se projek waarvan die projeksentrum in Upington is. Die projek word befonds deur Sirius Dysons Klip 1 en 2 (Scatec Solar).

Die projekkoordineerder vir die projek is me. Angela Van Wyk Marinus.

Sy word bygestaan deur drie baie bekwame Gemeenskapswerkers, naamlik me Annelize Esau (Louisvaleweg & Keimoes), me Riana Malgas (Progress & Pabalello) en me Olivia Daries (Raaswater, Rosdale en Lesideng).

Vir meer inligting kontak hulle gerus by 063 364 2075 of besoek FARR se webadres by www.farrsa.org.za



*Kursusgangers neem deel aan die FAStrap© Kursus in Keimoes.*

**"Fetale alkoholsindroom of FAS, is 'n gebrek wat aan 'n menslike embrio toegedien word indien die gasmoeder alkohol tydens swangerskap inneem. Dit is die algemeenste voorkombare vorm van intellektuele gestremdheid in die wêreld, en tog is dit 'n ernstige openbaregesondheidsprobleem in Afrika en in ons omgewing."**




*Upington se Gemeenskapswerkers met die sertifikate wat hulle na afloop van die FAStrap© Kursus ontvang het, vlnr: Olivia Daries, Annelize Esau en Riana Malgas*




*Groepfoto van die kursusgangers in Keimoes (die maskers is slegs verwyder vir foto-doeleindes).*


